



Vrydag 21 Desember 2018 Omslag

Nuwe 'deure' nou broodnodig

Suid-Afrika kan nie bekostig om probleme in die onderwys te bly kamoefleer deur akademiese standaarde verder te verwater nie, skryf **Jeanette de Klerk-Luttig**.



Foto: MEDIA24-ARGIEF

Met die onlangse aankondiging deur Naledi Pandor, minister van hoër onderwys en opleiding, dat die minimum vereistes vir universiteitstoelating vir 'n baccalaureusgraad verder afwaarts aangepas gaan word, het sy Suid-Afrika se onderwysstelsel en daarmee saam ons land se vermoë om internasionaal mee te ding tot rommelstatus afgegradeer.

In plaas daarvan om eerlik die swak plekke in die onderwyspylleiding te erken en daarvan werk te maak, word die dwarslat eerder al hoe laer gestel. Geen ontwikkelende land kan bekostig om leerlinge met so 'n lae slaagsyfer universiteit toe te stuur nie.

Dit is baie moeilik om verskillende lande se toelatingsvereistes met mekaar te vergelyk, want verskillende universiteite in dieselfde land kan verskillende toelatingsvereistes hê. Maar omdat ons in die Brics-liga speel, is dit miskien sinvol om ons universiteitstoelatingsvereistes met dié lande s'n te vergelyk.

In Brasilië moet studente wat tot 'n universiteit toegelaat wil word, meeding met ander in 'n openbare eksamen, die Vestibular, wat tot vyf dae duur.

Omdat plekke aan universiteite beperk is, word slegs die beste studente toegelaat.

Daar is byna tien kandidate vir elke plek aan openbare universiteite en twee kandidate vir elke plek aan private universiteite.

Deesdae word die uitslae van die finale skoeleksamen saam met die Vestibular in aanmerking geneem.

Aan sommige universiteite in Indië sal studente wat in die finale skoeleksamen 65% of hoër kry, oorweeg word vir graadkursusse in onder meer geesteswetenskappe en sosiale wetenskappe.

Studente wat grade in bestuurswetenskap wil neem, moet egter minstens in twee vakke bo 85% kry.

Ons matruskule wat vir 'n baccalaureusgraad wil studeer, hoef nou net 'n minimum van 50% in enige vier vakke (met uitsondering van lewensoriëntering) te behaal.

Hulle hoef in twee vakke slegs 'n minimum van 30% te kry, en die slaagsyfer in hul moedertaal is 40%. Hulle hoef ook net 30% in die universiteit se onderrigtaal te behaal.

Akademie nie Repelsteeltjie

Dit is 'n resep vir 'n fiasko, want leerlinge word hierdeur tot mislukking gedoem. Geen leerling kan met hierdie minimum toelatingsvereistes hoop om 'n graad te behaal nie, want hulle het eenvoudig nie die basiese akademiese fondament waarop hulle verder kan bou nie.

Taal en denke is tog interafhanklik. Dit is eenvoudig nie moontlik om met 'n slaagsyfer van 30% in die onderrigtaal van die universiteit met begrip nuwe kennis in te neem en dit op universiteitsvlak sinvol te verwerk nie.

Net in die sprokie van Repelsteeltjie word goud uit strooi gepin, nie in die harde werklikheid van 'n akademiese kampus nie.

Jaar ná jaar besef dosente dat studente se vermoëns om met begrip te lees, gedagtes helder te formuleer, logies en krities te dink en selfstandig te werk al swakker word.

Dit terwyl die huidige CAPS-skoelkurrikulum swaarder en swaarder aan inhoud word en leerlinge al meer en meer geassesseer word.

Afgradering se implikasies

Wat is die implikasies van die akademiese afgradering?

■ Niemand gaan dink die skoolstelsel het verbeter bloot omdat meer studente gaan inskryf vir 'n baccalaureus-grad nie.

■ Die persepsie dat 'n baccalaureus-grad nie veel werd is nie, gaan versterk word en knap studente sal huiwerig wees om dit te neem en liever 'n ander rigting met meer akademiese status kies.

Die ironie is dat 'n baccalaureus-grad die onderbou van soveel beroepe, onder meer joernalistiek, regte en verskeie onderwysrigtings, is.

Indien die akademiese stan-



Ons sal moet wegkom van ons beheptheid met kwalifikasies en ophou om die ontwikkeling van vaardighede af te skeep. Waar kom ons aan die idee dat almal universiteit toe moet gaan?

daard van baccalaureus-grade verwater word onder druk van studente wat nie oor die onderbou beskik om die groter werklading asook werk van 'n hoër moeilikheidsgraad op universiteit te hanteer nie, sal dit negatiewe rimpelinge hê vir die hele Suid-Afrikaanse samelewing.

Wat sal die gehalte van ons koerante wees as joernaliste se taalvaardighede en kritiese denkermoë substandaard is? Sonder skerp ondersoekende joernalistiek is ons demokrasie in gevaar.

In die regsberoep is goeie taalvaardigheid en die vermoë om logies te kan redeneer en gedagtes suiwer te kan formuleer eenvoudig onmisbaar.

By die opstel van aktes en kontrakte moet elke woord deeglik oordink word, elke sin sorgvuldig geformuleer word en elke moontlike scenario oorweeg word. En daarvoor is besonder taal- en denkermoë 'n noodsaaklike voorwaarde.

Geen taalonderwyser wat net 40% in matriek in sy/haar moedertaal gekry het, kan op skool die taal as vak aanbied nie. Dit is 'n onreg teenoor die leerlinge.

■ Teen die agtergrond van leerlinge wat daaraan gewoon geraak het dat hulle sonder veel werk "bevorder" word (omdat hulle nie meer as een keer per fase mag druipe nie), kan universiteite binnekort gekonfronteer word met studente wat eenvoudig "bevorder" wil word tot die volgende akademiese jaar, son-

der dat hulle naastenby die werk onder die knie het.

Die populistiese "pass one pass all" kan dalk vorentoe oral op kampusse gesing word, en 'n mens wonder hoe lank universiteite die druk om akademiese standaarde te verlaag, sal kan weerstaan.

In hierdie verband kan ook verwys word na die feit dat heel party leerlinge in Suid-Afrika ouer as die ideale standaard-ouderdom in laer- en hoërskole is.

Daar is hyvoorbeeld meer 21-jarige leerlinge in hoërskole as gesamentlik aan alle universiteite en TVET-kolleges.

■ Daar moet ook rekening gehou word met die magtelose gevoel van onbevoegdheid wat studente wat uit swak skole kom, beleef wanneer hulle onrealistiese akademiese verwagtinge op universiteit vernietig word en hulle besef dat hulle nie die basiese toerusting het om op universiteit suksesvol te wees nie.

Dit kan maklik tot die eskalering van woede en selfs geweld teenoor die universiteit as akademiese instelling lei.

Dit is juis die gevoel van (onder meer) magtelosheid wat agter die #FeesMustFall-veldtog se destruktiewe optrede lê.

Adv. Thuli Madonsela, voormalige openbare beskermmer, het dit raak opgesom: "Geweld is die taal van die magtelose."

Teenvoeter vir magtelosheid

Ons sal moet wegkom van ons

beheptheid met kwalifikasies en ophou om die ontwikkeling van vaardighede af te skeep.

Waar kom ons aan die opvatting dat almal universiteit toe moet gaan?

Onderwys is een van die regering se mees klaaglike mislukings en die opbrengs wat die staat op onderwys kry, is baie swak. Ons onderwysstelsel is reeds deur die tydskrif *The Economist* as van die swakste ter wêreld beskryf.

Ons het uitnemende skole wat met die beses in die wêreld kan meeding, maar ongelukkig is die gehalte van onderrig in ongeveer 75% van ons skole skokkend.

Dit is eintlik vreemd dat niemand nog die regering voor die hof gedaag het oor die swak gehalte van onderrig in soveel skole nie.

Ons kan nie probleme in die onderwys bly kamoefleer deur akademiese standaarde verder te verwater nie. Ons móét die probleme, wat al soveel keer deur navorsing uitgewys is, eerlik erken en dit met groot moed, planne en implementering begin takel.

Harde navorsingsbewyse is dikwels die teenvoeter vir magtelosheid en die platform vir ontwikkeling.

Die 17-jarige Auderey February, 'n leerling van Mannenberg, het verlede jaar in haar oëpbrief aan oudpres. Jacob Zuma die spyker op die kop geslaan:

"When pass marks are lowered, doors close and expectations are lowered."

"The only way of not only opening doors but also building new ones, is through improvements in education."

Hieroor moet ons obsessief wees!

■ De Klerk-Luttig is verbonde aan die Kantoor vir Morele Leierskap aan die Universiteit Stellenbosch.

